higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 4

16 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES AAN NASIENERS

1. Sien alle vrae na.
2. Sien die antwoorde na volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Gebruik slegs 'n rooi pen.
4. Maak netjiese en leesbare regmerke en kruise.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 C
1.3 B
1.4 D
1.5 A
1.6 A
1.7 B
1.8 C
1.9 D
1.10 A
1.11 B
1.12 B
1.13 D
1.14 C
1.15 D
1.16 D
1.17 A
1.18 C
1.19 A
1.20 B

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 2

2.1 word
2.2 EK
2.3 persoonlike
2.4 sosiale
2.5 tradisionele
2.6 uitkomsgebaseerde onderwys
2.7 tradisionele
2.8 bevorder
2.9 Uitkomsgebaseerde onderwys
2.10 kritiese
2.11 SAKO
2.12 2
2.13 Kern-
2.14 Grondwet
2.15 5
2.16 netwerke
2.17 Stelselmatige
2.18 kan
2.19 vordering te monitor
2.20 Basislyn

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 3

3.1 Onwaar
3.2 Waar
3.3 Waar
3.4 Waar
3.5 Onwaar
3.6 Waar
3.7 Onwaar
3.8 Onwaar
3.9 Onwaar
3.10 Waar
3.11 Waar
3.12 Waar
3.13 Onwaar
3.14 Waar
3.15 Waar
3.16 Waar
3.17 Onwaar
3.18 Onwaar
3.19 Waar
3.20 Onwaar

(20 × 1) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Ontleed
- Identifiseer
- Ondersoek
- Vergelyk
- Evalueer
- Begryp
- Toepas
- Vrae vra
- 'n Probleem kan definieer
- Bewyse kan ondersoek
- Aannames ontleed
- Ander interpretasies oorweeg
- Kommunikeer (Enige 4 × 1) (4)

4.2 4.2.1 Die term *spesiale behoeftes* verwys na verskillende probleme✓ wat kan veroorsaak dat iemand ekstra of gespesialiseerde dienste benodig.✓ (2)

4.2.2
- Outisme
- Down-sindroom
- Disleksie
- Blindheid
- AGHS
- Doofheid
- Fisiese gestremdheid (byvoorbeeld, iemand wat 'n rolstoel gebruik)

(Enige 3 × 2) (6)

4.3

STERKPUNTE	SWAKHEDE
Inklusiewe onderwys sal die stigma verminder wat geassosieer word met kinders wat spesiale behoeftes het.✓✓ Inklusiewe onderwys sal sorg dat alle kinders dieselfde onderrig ontvang.	Kinders met spesiale behoeftes kan op skool geboelie word.✓✓ Kinders met spesiale behoeftes raak verleë as hulle nie die pas kan volhou nie.
GELEENTHEDE	**BEDREIGINGS**
Mense sal leer om nie teen kinders met spesiale behoeftes te diskrimineer nie.✓✓ Die gemeenskap kan betrokke raak deur hulpbronne aan skole te skenk.	Dis duur/nie genoeg befondsing nie.✓✓ Nie alle skole is toegerus met hulpbronne nie. Onvoldoende opleiding vir onderwysers wat met kinders met spesiale behoeftes werk.

(Enige 4 × 2) (8)

4.4 4.4.1
- Emosionele taal is om beskrywende woorde te gebruik wat mense kan wys hoe ander voel.
- Emosionele taalgebruik dwing mense om emosies te ervaar en om met 'n spesifieke situasie te identifiseer.
- Emosionele taal gebruik verbeelding om die feite te bou en die emosie van die situasie te beklemtoon.

4.4.2 Oordrywing beteken om meer van iets te maak as wat dit is.

4.4.3 'n Retoriese vraag is 'n vraag wat nie 'n antwoord benodig nie. Dis 'n vermomde stelling.

4.4.4 Redenering is om gesonde verstand te gebruik en om akkurate beoordelings te kan maak/na albei kante van 'n saak te kyk.

(4 × 2) (8)

4.5 As inklusiewe onderwys in Suid-Afrika afgeskaf word, sal kinders met spesiale behoeftes nie geskikte omgewings binne die gemeenskap hê nie.✓✓ Kinders sal spesiale skole ver van hul huise en gemeenskappe moet bywoon.✓✓ Gestremde kinders sal van ander kinders geskei word en hulle kan dalk voel daar word teen hulle gediskrimineer. (Enige 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

4.6
- Interpreteer inhoud om by leerder se individuele behoeftes te pas.
- Akkommodeer visuele/gehoorgestremdhede via geskikte hulpbronne.
- Skep 'n rolstoelvriendelike omgewing.
- Gebruik alternatiewe assesseringstrategieë om die spesiale behoefte te akkommodeer.
- Behandel die leerder met respek/moenie diskrimineer nie.

(Enige 3 × 2) (6)

4.7
- Iemand met emosionele intelligensie sal ander mense beter kan verstaan.
- Iemand sal meer bereid wees om by ander te leer as hulle emosioneel intelligent is.
- Iemand sal met ander mense kan identifiseer en hul eie emosies sowel as dié van ander mense kan verstaan en hanteer.

(Enige 1 × 2) (2)
[40]

VRAAG 5

5.1
- Twyfel – Ek sal die konsep van 'n gebalanseerde dieet by die huis kritiseer.✓ Ek sal die ouers vrae vra oor 'n gebalanseerde dieet, byvoorbeeld: Is dit nie baie duur om elke dag 'n gebalanseerde dieet by die huis te volg nie?✓ Is dit nie tydrowend om elke dag gebalanseerde maaltye te berei nie?
- Glo – Ek sal glo dat 'n gebalanseerde dieet by die huis voordelig vir kinders is,✓ byvoorbeeld: Sal 'n gesonde dieet altyd 'n positiewe invloed op kinders hê?✓ Is 'n gebalanseerde dieet meer voordelig as aanvullings ten opsigte van kindergesondheid?
- Hierdie vrae en antwoorde sal die ouer se oortuigings oor en gesindheid teenoor 'n gesonde dieet verfyn.✓ Dit sal ouers help om die sterk- en swakpunte in enige argument raak te sien.✓ (Enige 6) (6)

5.2 Kritiese intervakuitkomste verwys na die vaardighede/lewensvaardighede✓✓ wat leerders uit onderrig en leer moet verkry terwyl ontwikkelingsuitkomste na die persoonlike eienskappe verwys✓✓ wat leerders tydens onderrig en leer moet ontwikkel. (Enige 2 × 2) (4)

5.3 5.3.1 Leerders moet leer om wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities aan te wend want tegnologie ontwikkel vinnig en hulle moet leer hoe om dit te gebruik sodat hulle dit in die werksplek sal kan gebruik. Leerders moet kan evalueer watter tegnologie nodig en nuttig is om te gebruik. Leerders moet respek teenoor die omgewing en ander betoon terwyl hulle tegnologie gebruik.

5.3.2 Om saam met ander te werk, is 'n belangrike sosiale vaardigheid wat in elke werksplek benodig word. Leerders moet leer om verskille tussen mense te aanvaar en om ander mense se sienswyses te respekteer.

(Enige 2 × 2) (4)

5.4 Jong kinders moet leer om krities oor die lewe te dink. Dit sal lewenslange leer aanmoedig.✓✓ As kinders krities dink en leer om vrae te vra, sal hulle beter kan leer in die toekoms.✓✓ Kritiese denke kan jong kinders help om die gevolge van hul optrede te voorspel en dit kan foute of swak besluite voorkom.
(Enige 2 × 2) (4)

5.5 Jong kinders boots die optredes van volwassenes na.✓✓ Sommige jong kinders het dalk nie goeie rolmodelle by die huis nie.✓✓ Jong kinders sal die regte waardes leer.
(Enige 2 × 2) (4)

5.6 Die sentrale senuweestelsel beheer elke beweging en aktiwiteit wat in 'n mens se lyf plaasvind.✓✓ Sonder 'n gesonde sentrale senuweestelsel sal boodskappe nie by die lyf uitkom nie en die lyf sal gevolglik nie ooreenstemmend kan reageer nie.✓✓ (2 × 2) (4)

5.7 5.7.1 Klank✓ wat ons aanmoedig om op te tree/taal te leer.✓

5.7.2 'n Persoon se werklike vermoë om 'n sekere gedrag uit te voer✓ deur noodsaaklike kennis en vaardighede.✓ Om 'n gedrag suksesvol te kan uitvoer, moet iemand weet wat om te doen en hoe om dit te doen. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Hierdie kinders kan van hul ouers geskei word.✓ Hulle soek troos by ouers as hulle bang is. Wanneer die ouers terugkeer ná 'n skeiding word hulle met positiewe emosies begroet. Hulle verkies hul ouers bo vreemdelinge en voel positief teenoor hul ouers. Hulle is nie bang vir skeiding nie.

6.1.2 Hierdie kinders kan dalk die ouers vermy.✓ Hulle soek nie baie troos by of kontak met die ouers nie. Hulle toon nie voorkeur tussen die ouers nie. Hulle kom dalk vol selfvertroue en onafhanklik voor omdat hulle nie aan hul ouers vasklou nie.

6.1.3 Hierdie kinders toon 'n mengsel van vermydings- en weerstandige gedrag.✓ Hulle kan verward, beangs of aggressief voorkom.

6.1.4 Hierdie volwassenes het vertrouensverhoudings wat langdurig is.✓ Goeie selfbeeld. Hulle is gemaklik om gevoelens met vriende en lewensmaats te deel. Hulle soek sosiale ondersteuning.

6.1.5 Hierdie volwassenes kan probleme met intimiteit ervaar.✓ Hulle belê min emosie in sosiale en romantiese verhoudings. Hulle kan nie hul gevoelens met ander deel nie of is nie bereid om dit te doen nie.

6.1.6 Hierdie volwassenes moes dalk 'n ouer- of versorgersrol op 'n vroeë ouderdom begin vervul.✓ Hulle het dalk baie romantiese verhoudings, maar is geneig om nie nou bande te vorm nie.
(6 × 1) (6)

6.2 6.2.1 Die kind kan dalk as volwassene sukkel om hul emosies te wys.✓✓ Die kind huil dalk baie. Die kind kan woede-aanvalle en emosionele uitbarstings hê.

6.2.2 Die kind kan dalk sukkel om maats te maak of om 'n positiewe verhouding met volwassenes of onderwysers te vorm.✓✓ Die kind kan dalk sukkel om ander mense te vertrou.

6.2.3 Die kind sal 'n tekort aan stimulasie en dus kognitiewe ontwikkeling hê.✓✓

(Enige 3 × 2) (6)

6.3 6.3.1 'n Kind se verbeelding kan hul aanspoor tot meer intense geestelike ontwikkeling.✓✓ 'n Kind se verbeelding kan geestelike ontwikkeling vir hulle meer verstaanbaar maak.✓✓ Logika plaas nog nie perke op hul geloof nie. Hulle is vatbaar vir kragtige geestelike beelde en stories. (2 × 2) (4)

6.3.2
- Godsdiens leer kinders morele waardes en dit sal verseker dat hulle in volwassenes ontwikkel wat ander mense respekteer.
- Kinders is dalk te jonk en verstaan dalk nie die konsep van godsdiens nie.
- Kinders word van die geleentheid ontneem om hul eie godsdiens te vind.

(Enige 3 × 2) (6)

6.3.3
- Godsdiens is 'n spesifieke stelsel van doktrines en aanbidding wat deur 'n gemeenskap gedeel word.✓ Geloof impliseer spiritualiteit en dat iemand godsdiens hul eie gemaak het.✓
- Geloof is 'n sterk vertroue in die doktrines van 'n godsdiens, gebaseer op geestelike oortuiging eerder as bewyse. (2)

6.4 Middelmatige verstandsgestremdheid;✓ grensgeval verstandsgestremdheid;✓ middelmatige begaafdheid✓ (3)

6.5 6.5.1 Die skool kan opritte met handrelings bou sodat Thandi daaraan kan vashou as sy loop.✓✓ Die skool kan reël dat al haar klasse naby mekaar is.✓✓ Die skool kan seker maak daar is geen gladde oppervlaktes nie. Haar klasse kan almal op die grondvloer wees. Die skool kan haar toelaat om 'n langbroek onder haar skooluniform te dra. (Enige 2 × 2) (4)

6.5.2 Ja.✓ Kinders met spesiale behoeftes sluit kinders met fisiese gestremdhede in. Sy sukkel om te loop en het dus spesiale behoeftes.✓✓

(1 + 2) (3)

6.5.3 Witskrif 6 verklaar dat alle kinders met spesiale behoeftes en/of gestremdhede by hoofstroomskole ingesluit moet word. (2)

6.6 Tersiêre onderwys verwys na NKR Vlak 5-10 (naskoolse onderwys)✓✓ terwyl algemene onderwys na Graad R-9 verwys.✓✓ (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 7

7.1 Leerders moet aktief by die leerproses betrokke wees.✓✓ Leerders word voorsien van vaardighede en kennis wat in die werksplek gebruik kan word.✓✓ Volgens UGO, kan alle leerders leer. Assessering is 'n deurlopende proses. Die kurrikulum voorsien leerders van inligting oor assesseringsmetodes. UGO is behoefte- en uitkomsgebaseer. Leer is holisties. Leer is belangriker as onderrig. Uitkomste eerste, dan kom inhoud. (2 × 2) (4)

7.2 7.2.1 Dit beteken die kennis moet toeganklik vir almal wees. Leerders moet weet wat om te verwag tydens assessering. Leerinhoud moet in alle amptelike tale sowel as braille wees en vrylik beskikbaar aan almal.

7.2.2 Hoë standaarde word in die leerareas gestel en dit spesifiseer die minimum kennis en vaardighede wat leerders in elke graad moet bereik.

(2 × 2) (4)

7.3 7.3.1 Graad 9 (1)

7.3.2
- Sipho se ouers tree nie in sy beste belang op nie. Hy is slegs in Graad 8 en moet skool bywoon, volgens ons Suid-Afrikaanse wetgewing.
- Dit sal as kinderarbeid beskou word sou hy gaan werk.
- Dis die ouers se verantwoordelikheid om te werk want hulle is die volwassenes. As hulle sukkel om in die basiese behoeftes van hul huishouding te voorsien, moet hulle eerder 'n maatskaplike werker gaan sien. (Enige 3 × 2) (6)

7.3.3 As jy 'n Graad 12-sertifikaat het, sal jy verder kan studeer.✓✓ As jy 'n graad kan behaal, kan jy meer geld verdien en genoegsaam in jou behoeftes voorsien.✓✓ As jy 'n Graad 12-sertifikaat het, sal jou selfbeeld beter wees en jy sal gemotiveer wees om hoër hoogtes te bereik.✓✓ Jy sal 'n beter werk/beter salaris kan kry. (3 × 2) (6)

7.3.4
- Die onderwyser kan sy ouers besoek en hulle aanspoor om werk te kry.
- Die ouers kan bygestaan word om vir 'n toelae aansoek te doen.
- Bring ouers in aanraking met 'n organisasie wat hulp kan verleen.
- Hulle kan aansoek doen dat skoolgeld gesubsidieer/verminder word.

(Enige 2 × 2) (4)

7.3.5
- Die skool kan vir Sipho klere/boeke/skryfbehoeftes gee.
- Die skool kan reël dat Sipho elke dag kos by die skool kry.
- Die skool kan 'n fondsinsameling voorstel om Sipho se gesin te ondersteun. (Enige 2 × 2) (4)

7.4 A (1)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou